balifogesinskerk

NG Gemeente Noordkus

# Kerkraad Handleiding

# Kerkraad Handleiding 2020

**Saamgestel deur:**

**Ds. Alwyn Small, Jacques Louw en Louis Nel**

**Opgedateer: Oktober 2020**

aamgestel en gedruk deur

*Mosbolletjie Publikasies*

louis@dagstukkie.co.za
082 771 4925
www.dagstukkie.co.za

# VOORWOORD

Graag wil ons vir jou van harte gelukwens en dankie sê met jou aanvaarding van die amp van kerkraadslid. Om as kerkraadslid te dien is 'n besondere roeping om in diens van God-Drie-Enig te staan.

**1. Hoekom het die Here juis vir jou gekies om in hierdie besondere roeping te deel?**

***a) Die Here het van die begin af mense geroep om Sy werk op aarde voort te sit.***

Ons lees bv. in Joh 20:21 dat Jesus aan Sy dissipels sê: *"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."* Uit hierdie woorde van Jesus is dit duidelik dat die Here vir ons elkeen in Sy koninkryk en kerk wil gebruik en dan in besonder om die evangelie te verkondig en uit te leef. Ook in 1 Tim 3 en 4 word die nodigheid van ouderlinge en diakens duidelik uitgespel. Dit is ook belangrik om te onthou dat die ampte deel is van die genadegawes wat die Here deur die Heilige Gees aan die Kerk gee. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Efesiërs 4:12).

***b) Jy voldoen aan die vereistes vir die amp.***

Die Woord gee aan ons duidelike vereistes van die beeld van 'n ampsdraer. Hierdie vereistes behels die volgende:

- 'n Lewende geloof;
- 'n Begeerte om vir die Here te werk;
- Bekwaam om te leer en gewillig om daarvoor toegerus te word;
- Handhaaf 'n hoë sedelike lewenspeil;
- In alle opsigte 'n betroubare persoon.

Ons is dikwels bang om met mense oor geloof in die Here Jesus Christus te praat of om ons wykswerk te doen omdat ons dalk nie weet wat om te sê en hoe om ons wykswerk te doen nie. Ons is dus bang vir die onbekende wat in ons wykswerk opgesluit is. Hierdie handleiding is opgestel om u toe te rus om die onbekende weg te neem sodat u presies weet wat van u as kerkraadslid verwag word. As al die kerkraadslede hierdie handleiding se riglyne volg sal die organisasie in die gemeente vlot verloop. Deur ons optrede kan die koninkryk van God opgebou en uitgebou word. Deur ons bediening in die gemeente sal God verheerlik word.

Om in diens van die Here te staan is 'n besondere voorreg. Die Here gee in besonder die volgende belofte aan jou as kerkraadslid uit Fil 1:6 *"Ek is veral daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."*

Graag bid ons vir jou die woorde van Ef 1:18-19: *"Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop Sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo."*; asook die woorde van Fil 1:4 *"In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie."*

# WAT WORD VAN MY AS WYKSKERKRAADSLID VERWAG?

## *Wat behels die amp van wykskerkraadslid?*

- Die opbou en die geestelike versorging van alle gemeentelede in sy/haar wyk.
- Toesien dat alle gemeentelede hulle in belydenis en lewenswandel gedra soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus.
- Om volgens die voorbeeld van Christus die herderlike taak dienend uit te voer. Deur voorbidding, gereelde kontak en siekebesoek moet 'n wykskerkraadslid die lidmate binne sy wyk bystaan, vertroos en in hulle geloof versterk en bemoedig.
- Aan die hand van Titus 1:7, is die kerkraadslid 'n bestuurder van die huishouding van God. Die kerkraadslid het die verantwoordelikheid om deur sy/haar lewe en leer 'n voorbeeld binne sy/haar wyk te wees.
- Die roeping om ander na Christus te lei en deel te hê aan die uitbou van God se koninkryk.
- Waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer.
- Toesig oor die lewenswandel van die predikant.
- Om lidmate in sy/haar wyk en in gemeente te identifiseer wat as toekomstige kerkraadslede voorgestel kan word.
- Die identifisering, opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal in sy/haar wyk wat in een of ander opsig hulpbehoewend is.
- Insameling van fondse vir alle gemeentelike ondernemings.

- Tydens die erediens help die kerkraadslede met die insameling van die dankoffers asook die bediening van die nagmaal tydens nagmaalsgeleenthede.
- Kerkraadslede word aangemoedig om waar moontlik saam met hul gesinne by 'n selgroep in te skakel. Die manne word aangemoedig om betrokke te raak by die mannebediening.
- Reël van wyksbyeenkomste wat deur predikant bygewoon word. Doel is om met lidmate in gesprek te tree i.v.m. spesifieke sake van belang in gemeente.
- Betrokke raak by kerkraadskommissies – as 'n lid van 'n kommissie of met die uitvoering van verskillende projekte waarby die kommissies betrokke is.
- Daar sal 'n spesiale opleidingsgeleentheid plaasvind vir nuwe kerkraadslede wat hulle sal help om in die wyke in te skakel en hulle touwys te maak met wat van hulle verwag word.

**Optrede in sorgbehoewende gevalle**

Verwttig die leraar van verdienstelike gevalle. Dringende gevalle word deur die leraar in oorleg met die kerkraadslid behartig.

## Dienswerkers

Lidmate word aangemoedig om vrywillig betrokke te raak by die verskillende fasette van die erediens (deurdiens, kollekteer tydens erediens, tel van kollekte na erediens, help tydens nagmaalsgeleenthede), as dienswerkers. Belangstellendes moet die skriba/kassiere by die kerkkantoor kontak wat die proses verder sal neem.

# DIE FUNKSIONERING VAN DIE BESTUUR IN NOORDKUS GEMEENTE

## Kerkraad:

'n Kerkraad is die hoogste besluitnemende vergadering van 'n gemeente. Die Kerkraad is verantwoordelik en aanspreeklik vir die ordelike funksionering van alle gemeentelike aktiwiteite.

'n Kerkraad stel sy ledetal vas na gelang van die aantal wyke in die gemeente.

Elke kerkraadslid moet deur 'n kerkraad verkies word vir 'n wyk, deur die gemeente goedgekeur (approbasie) en tydens 'n erediens van die gemeente in diens gestel word (bevestig word).

## Samestelling:

Die Kerkraad is saamgestel uit die dagbestuur, kerkraadslede asook selgroepleiers. Kerkraadslede word vir 'n termyn van drie jaar verkies. Na verstryking van die dienstermyn, kan 'n lid vir 'n verdere tweejaar termyn verkies word. Dit word aanbeveel dat nadat 'n kerkraadslid vyf jaar aaneen gedien het, hy/sy waar moontlik een jaar rus voordat hy/sy weer verkies word.

Die Kerkraad kom minstens 4 keer per jaar bymekaar. Dit is belangrik dat verskoning aangeteken word indien 'n kerkraadsvergadering nie bygewoon kan word nie.

Die leier-ouderling en onderleier en voorsitters van diensterreine word deur die kerkraad aangewys op 'n tweejaarlikse basis.

Wanneer 'n nuwe leraar aangestel word, word dit deur die volle kerkraad gedoen.

## Kworum:

'n Kworum by kerkraadsvergaderings bestaan uit die meerderheid van die aantal dienende lede, m.a.w. die helfte plus een.

# Dagbestuuur:

### Samestelling:

Die dagbestuur is saamgestel uit die leraar, skriba, gemeentehulp, leier-ouderling, onderleier en voorsitters van die kommissies.

### Funksionering:

Die dagbestuur is verantwoordelik vir die behartiging van dringende sake en die daaglikse bestuur van die gemeente.

# Die Leier-ouderling

- Die leier-ouderling is verantwoordelik vir die geestelike versorging van die kerkraadslede en die leraar.
- Is verantwoordelik om leiding te neem in die konsistorie voor aanvang van die erediens.
- Is saam met die leraar verantwoordelik dat die gemeentesake vlot verloop.
- Is verantwoordelik vir terugvoer aan en kommunikasie met gemeente
- Is 'n lid van die Diensverhoudingekommissie
- Moet kerkraadslede organiseer om diens te doen in eredienste en tydens nagmaalbediening.
- Verantwoordelik vir die tel van die kollekte na afloop van die erediens en toesluit daarvan in die brandkluis.
- Is tesame met predikant mede-verantwoordelik vir die toesighouding oor die uitvoering van die skriba/kassiere se pligte.
- Is (saam met skriba) verantwoordelik om gereeld op te volg dat alle besluite deur kerkraad geneem deurgevoer word.
- Is verantwoordelik vir die inhuldiging, en plasing van nuwe kerkraadslede in hulle wyke.

# Reëlings by eredienste

Daar word elke Vrydag 'n WhatsApp boodskap gestuur na alle kerkraadslede en dienswerkers om te verneem wie beskikbaar is vir diens die betrokke Sondag. **Daar word van almal verwag om daarop te antwoord, hetsy positief of negatief**.

Hieruit sal een persoon aangestel word as diensleier en een vir deurdiens. Verkieslik sal slegs kerkraadslede diensleiers wees.

**Die persoon op deurdiens** is verantwoordelik om:

- om op sy/haar pos te wees nie later as 08:00
- elke lidmaat/besoeker te verwelkom.
- die nuusbrief uit te deel.
- te let op nuwe lidmate.
- te sorg dat die buitehek gedurende die erediens toe is.
- op te let vir laatkommers en die hek vir hulle oop te maak.
- die hek by die agterste parkeerterrein te sluit voor die erediens begin en dit weer aan die einde oop te sluit. Reël asseblief met die koster.

**Die diensleier** is verantwoordelik om:

- in die konsistorie te reël vir die opneem van die offergawes.
- die opening waar te neem.
- die register in te vul.

- na afloop van die erediens al die nodige inskrywings in die konsistorieboek te doen
- die tel van dankoffers te organiseer (inhoud van koevertjies word nie getel nie)
- die blaai wat in die banksak kom, in te vul.
- die geld in die kluis toe te sluit.

Elke persoon wat kollekteer tel die kerkgangers in die sitplekke waar hy kollekteer. Die getalle word op die kaartjie in die kollektesakkie neergeskryf. Die diensleier moet reël wie van die persone wat gekollekteer het sal help om die kollekte te tel na afloop van die erediens.

Met nagmaalsgeleenthede is persone wat aan diens is, ook verantwoordelik vir die bediening van die nagmaal. Die leier-ouderling sal dan ook diensleier wees en die bediening van nagmaal organiseer. Indien nodig sal hy reël vir bykomende persone om te help met die skink van die wyn in kelkies voor die erediens en bediening tydens die nagmaalbediening.

# Reëlings vir die konsistorie

## *Gewyde stemming*

Die konsistorie is die voorportaal van die erediens en daarom moet daar 'n gewyde stemming en gees van voorbidding gehandhaaf word. Ons groet mekaar hartlik en vermy gesprekke wat die gewydheid kan skaad.

Alle kerkraadslede en dienswerkers wat diens bywoon moet ten **minste 15 minute** voor die aanvang van die diens in die konsistorie wees om genoeg tyd toe te laat vir voorbidding, afkondigings en onderlinge reëlings.

Dit is noodsaaklik dat **ALLE** kerkraadslede, asook dienswerkers, wat nie elders op diens is nie, by die konsistorie teenwoordig sal wees.

# Verdere praktiese sake

## *Bywoning van eredienste en ander geestelike aangeleenthede*

Van kerkraadslede word verwag om ter wille van opsig oor, en die voorbeeld vir die kudde, nie sonder goeie redes by die eredienste en ander geestelike geleenthede weg te bly nie. Ons kan nie ons wykslede daartoe aanspoor as ons nie self daarin getrou is nie.

## *Samewerking tussen kerkraadslede.*

Om nouer voeling en samewerking tussen kerkraadslede te bewerkstellig word hulle aangemoedig om gereeld met mekaar in gesprek te tree en wyksaangeleenthede en probleme in hulle wyke met mekaar te bespreek.

## *Gevalle van sterfgevalle of siekte in die wyk.*

Verwittig die leraar van sterfgevalle of siekte deur die naam, adres en telefoonnommer aan die leraar te verstrek.

## *Nuwe intrekkers.*

Volg op met Skriba dat die attestate of bewys van lidmaatskap van nuwe intrekkers aangevra word. Maak seker dat nuwe intrekkers die toepaslike vorm voltooi en aan die Skriba verskaf om die oorplasing te doen. Stel die leraar ook so gou moontlik in kennis van enige nuwe intrekkers.

## *Algemeen.*

Sorg dat volledige besonderhede van elke wykslid (insluitend doopslidmate) **te alle tye** behoorlik op datum is, soos bv. e-posadres, fisiese woonadres, geboortedatum, selfoonnommer, ens. (sien vorm vir volledige besonderhede)